



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018



MEGANIESE OES VAN WYNDRUIWE

10. KOSTE VAN MEGANIESE OES EN HANDOES

Die direkte vergelyking tussen die kostes van meganiëse- en handoes is baie moeilik. In beide gevalle is daar verskillende kostekomponente wat in ag geneem moet word. Hierdie kostekomponente verskil na gelang van die onderskeie metodes van oes. Verskillende aspekte van handoes kan gemeganiseer word. Dit verskil van plaas tot plaas en bring mee dat handoeskoste varieer.

10.1 Buitelandse ervaring

- Vir die totale 1990 oes in Australië was masjienoeskoste 45 % van handoes, terwyl dit 50 % in 1991 was. Afhangende van die opbrengs per ha was masjienoes tussen 70 % en 79 % per ton goedkoper as handoes.
- Oes van druiwe is die tweede grootste koste naas snoei. Die hoë koste van handoes beperk die gebruik daarvan tot slegs hoë gehalte druiwe. Daar word gewaarsku dat daar ander geassosieerde kostes by masjienoes is, wat ook in ag geneem moet word. Op papier is dit wel so dat masjienoes goedkoper as handoes is. Daarteenoor het handoes weer sy voordele bo masjienoes bv. waar druiwe vir 'n spesifieke wyndoelwit geselekteer moet word.
- In Kalifornië word masjienoeskoste op tussen 40 % tot 50 % van handoeskoste beraam. Twee tot vier oesmasjienoperateurs doen die werk van 60-70 handoesarbeiders.
- In sekere dele van die deelstate Kalifornië en New York word 90 % van wingerde meganiëse geoes.
- Masjienoes het nog nie in Oregon posgevat nie omrede die masjiene nie die Botrytis druiwe in die wingerd kan agterlaat nie. Produsente in hierdie area se vrese vir swakker kwaliteit wyne beperk ook die uitbreiding van masjienoes.
- In die Sentrale Vallei van Kalifornië word 95 % van die druiwe reeds met masjiene geoes – daar word gereken dit sal styg na 99 %.
- By die oes van Chardonnay in die Napa Vallei is die volgende bevindings gemaak:
 - o Die totale massa druiwe wat geoes was, het nie betekenisvol verskil tussen masjienoes en handoes nie.
 - o Die trosstingel-massa van meganiëse geoste druiwe was minder by afmaal as dié van handoesdruiwe.
 - o By die meganiëse geoste wingerde was daar betekenisvol minder druiwe in die stokke agtergelaat as by handoes.
 - o Verliese op die grond was nie betekenisvol verskillend tussen meganiëse oes en handoes nie. Die handoesspan het nie die na-druiwe gepluk nie, maar die oesmasjiene het daarteenoor so te sê alles van die stokke afgeskud.
 - o Die persentasie materiaal anders as druiwe (MAD) was onderskeidelik 0.5 % by handoes en 1.3 % by meganiëse oes.
 - o Wanneer al die potensiële punte waar sapverlies kan plaasvind in ag geneem word, was die sapverlies by meganiëse oes 5.7 %.

- o In hierdie eksperiment het die handoes van Chardonnay die hoogste opbrengs gelewer, alhoewel nie betekenisvol verskillend van meganiese oes nie en het dit tydens die pars van die druiwe ook die hoogste volume sap per ton gelewer.

10.2 Plaaslike ervaring

- Daar is verskaffers van oesmasjiene in Suid-Afrika wat langtermyn kontrakte met produsente aangaan om meganiese te oes. Meer as een operateur word verskaf wat langer ure van oes tot gevolg het. Die produsent moet dan sorg vir voldoende vervoer van geoeste druiwe om die oesproses voltyds aan die gang te hou. Ingesluit by sodanige ooreenkomste is ook die onderhoud, herstelkoste en die was van die masjien.
- So ook is daar instansies wat oesmasjiene tydens die af seisoen in Europa per skip na Suid-Afrika stuur sodat hulle twee oeste per jaar met hulle oesmasjiene kan afhaal. Sodoende verhoog hulle dus hulle opbrengs op hulle kapitale belegging.
- In Suid-Afrika is daar ook produsente wat saamstaan om gesamentlik oesmasjiene aan te koop. Verder poel hulle ook hulle vragmotors om die druiwe na die betrokke kelders te vervoer. Die samewerking tussen hierdie produsente en hulle kelders moet dus sodanig wees dat almal 'n gelyke kans kry om hulle druiwe by die optimale rypheidsgraad te oes.

10.3 Koste van handoes

Hierdie kostes is afhanklik van baie faktore:

- Permanente arbeid, tydelike arbeid of onafhanklike kontrakteurs (verskil van arbeidsmakelaar)
 - o 'n Onafhanklike kontrakteur word betaal om 'n spesifieke taak (bv. oes van druiwe) met sy eie arbeiders, toesig en toerusting (bv. houers en parsskêrtjies) teen 'n vooraf ooreengekome prys af te handel. Sodra die taak afgehandel is, is die kontrak voltrek.
 - o In die geval van 'n arbeidsmakelaar word slegs die arbeiders vir 'n periode verskaf wat dan met die produsent se toerusting en onder sy instruksies en toesig sekere take verrig.
- Dagwerk – Arbeider word per dag betaal onafgesien van die hoeveelheid druiwe wat hy vir die dag oes.
- Aansporingstelsels – teenprestasie- en stukwerk-beginsels.
- Sektorale vasstelling van minimumloon vir die Landbou.

10.4 Handoes-metodes

- Daar bestaan verskillende maniere van handoes – druiwe word uitgedra tot by die parsbak, 34 % van die werker se tyd word spandeer aan die in- en uitdra van kassies. Dus bly daar slegs 66 % effektiewe tyd vir die sny van druiwe oor.
- Druiwe word uit die wingerd gery na die parsbak. Die werker hoef die kassie net tot by die trekker wat in die ry staan te dra. Hierdie stelsel bring aansienlike besparings mee. Met sleepwaens wat in die wingerd beweeg is die effektiewe snytyd van die werker 75-80 %. Daar word tussen 30 % en 50 % van totale man-ure per jaar aan die oesproses spandeer en daarom is dit belangrik om hierdie proses so effektief as moontlik te maak.

10.5 Aansporingstelsels

- Teenprestasie-beginsel: Die norm vir die aantal houers vol druiwe wat per dag per arbeider geoes kan word, word op grond van vorige rekords bepaal. Enige aantal meer as die norm word bykomstig vergoed om die arbeider aan te spoor om meer produktief te wees. Op hierdie wyse word die werker vergoed vir addisionele werk gelewer en die produsent kry die druiwe vinniger en teen die regte rypheidsgraad by die kelder. Intensiewe toesig is egter noodsaaklik om halfvol houers, vermorsing van trosse en korrels wat op die grond val, en trosse wat in die stokke agterbly, te voorkom.
- Stukwerk-beginsel: Hier word die werker 'n vaste prys vanaf die eerste houer betaal en hoe meer houers hy of sy vol druiwe oes, hoe meer is die betaling per dag. Daar moet egter onthou word dat die werker nooit minder as sy basiese loon mag verdien nie. In gevalle waar daar selektief geoes word of in gevalle waar die druiwe baie vrot is en hierdie vrot stukke uitgekrap moet word, moet daar aanpassings aan die werker se loon gemaak word. Intensiewe toesig is hier ook noodsaaklik.

- Daar bestaan seker ook nog baie ander variasies van oes en betalingstelsels vir die oesproses. Watter een van hierdie oes- en betalingstelsels daar op 'n plaaseenheid gebruik gaan word, moet deur elke produsent vir hom/haarself uitgemaak word.

10.6 Werklike kostes van meganiese oes en handoes in Suid-Afrika

Hierdie syfers is afkomstig van 'n plaas waar daar van beide meganiese- en handoes gebruik gemaak word.

Tabel 1: Werklike kostevergelyking tussen die gebruik van meganiese oes en handoes. Rand per ton waarde van meganiese oes sluit die dieselmotorkoste in en in die geval van handoes is dit geld bestee aan arbeid.

Jaar	Meganiese oes		Handoes	
	Tonne geoes	R/ton	Tonne geoes	R/ton
2009	1636	247	1064	225
2010	700	417	602	265
2011	825	509	1030	270
2012	634	612	826	290
2013	1313	402	1500	310
2014	1840	280	1388	330

In jare met laer opbrengste was masjieneeskoste per ton aansienlik hoër omdat minder tonne per uur geoes is. In 2014 was masjienees per ton die eerste keer goedkoper as handoes.